



Die afgelope Donderdag was “Wêreld-waardedag” - ’n dag waarop mense wêreldwyd veronderstel is om na te dink oor die fundamentele rol wat waardes in ons lewe speel.

In Suid-Afrika het dit grootliks ongesiens en ongevier verbygegaan. ’n Mens wonder waarom?

Miskien is dit omdat daar soveel oor waardes in die land gepraat word dat ons moeg raak om daarvan te hoor en daaroor te lees. Ons is waardevoos.

Die ironie is dat ons nie net waardevoos is nie, maar ons is tot ’n groot mate ook waardeloos.

Ons Grondwet berus, onder meer, op die waardes van gelykheid, nie-rassigheid en nie-seksisme, menswaardigheid, ’n oop samelewing, verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid, die oppergesag van die reg, respek en versoening. As morele grondslag moet die gedeelde waardes ons diverse samelewing saambind.

Die filosoof prof. Anton van Niekerk beskryf waardes as die oerafspraak wat ons met mekaar gemaak het om te lewe op ’n manier wat sal verhoed dat ons mekaar op groot skaal benadeel of verwoes. Maar ons slaag eenvoudig nie daarin om die oerafspraak na te kom en die waardes uit te leef nie.

Ons sukkel selfs om een of twee van die waardes in praktyk om te sit en daarom benadeel en verwoes ons selfs mekaar.

Die waardes van ons Grondwet word nie wêreldwye nie en bly blote abstrakte konsepte wat ons as vensterversierings gebruik - en dié “versierings” beïndruk niemand nie, veral nie oorsese beleggers wat vertroue in ons land se integriteit verloor het nie. Integriteit behels dat die waardes wat jy voorhou ook die waardes is wat jy elke dag uitleef. En juis omdat daar dikwels hoog opgegee word oor waardes en dit dan nie uitgeleef word nie, verloor ons geloofwaardigheid en integriteit.

Dit is ironies dat juis pres. Jacob Zuma die eerste president van die destydse morele herlewingsbeweging was en dat die eerste kongres van dié beweging in 2004 by die Waterklooflugmagbasis gehou is - dieselfde plek waar die bruilofsgaste van die Gupta-trou sonder paspoorte of visums geland het. In sy toespraak op die kongres het Zuma beklemtoon dat Suid-Afrikaners hoogs morele wesens is wat die ver-

skil tussen reg en verkeerd ken en wat diep ontsteld is oor die simptome van morele verval in ons land.

Die morele herlewingsbeweging, wat grootliks deur belastingbetalers se geld gefinansier word, het vanaf sy bestaan nog nie een keer Zuma se immorele en onetiese optrede gekritiseer nie. Die gaping tussen waardes wat voorgehou word en die waardes wat wel in die praktyk uitgeleef word, kom so epidemies op alle vlakke van ons samelewing voor dat ons sal moet keer om dit as die nuwe normaal te aanvaar.

Die internasionale ouditeursfirma KPMG se kernwaardes wat hul gedeelde identiteit help vorm is: Ons lei deur ons voorbeeld; ons werk saam; ons soek na objektiewe feite en bied insigte; ons is oop en eerlik in ons kommunikasie.

Nieteenstaande sulke positiewe korporatiewe waardes het talle individue van die firma gehelp om ernstige korrupsie en oneerlikheid toe te smeer.

Nie al 3 400 mense wat by KPMG in Suid-Afrika werk, is skuldig nie - sommige wel. Tog het die verlies aan integriteit die maatskappy duur te staan gekom en

het die maatskappy in ’n kort tyd talle kliënte verloor.

Nieteenstaande die waardes van “Batho pele” (Mense eerste) wat oral opgeplak is en alle staatsamptenare daartoe verbind om bedagsaam, oop en deursigtig te wees en goeie diens aan die publiek te lewer, gebeur net die teenoorgestelde byna klokslag.

Die polisievrout wat op haar selfoon besig is met haar private sake en die polisieman wat openlik sit en slaap in werktyd is maar die ore van die seekoel.

Wanneer ’n mens in die gange van ’n skool afstap en “respek” as kernwaarde in groot letters teen die mure pryk, maar jy hoor hoe ’n onderwyser in growwe taal op leerlinge skel, krap dit erg. Die kontras tussen die waarde wat voorgehou word en wat in werklikheid uitgeleef word, is so groot dat jy lus voel om liever die respek-plakkaat te verwyder. Sulke gebrek aan integriteit maak ons kinders net sinies en kwaad.

Die kultuur van politieke partye, maatskappye, munisipaliteite, sakeondernemings en skole verander nie wanneer waardes in dokumente, teen mure

en op briefhoofde gedruk word en daarvoor gepraat word nie, maar wel wanneer mense kernwaardes elke dag uitleef - of dit maklik is of nie.

Ons land se infrastruktuur is op die rand van mislukking, hoofsaaklik omdat ons morele struktuur aan flarde is. Daar is eenvoudig nie genoeg instellings en mense met integriteit om al die immorele mossieneste uitmekaar te haal nie.

En op elke vlak, van politieke leiers tot skoolleerlinge, is daar ’n chroniese gebrek aan verantwoordbaarheid en respek.

Moet ons nie van onder af begin om die skeringdrade van ons morele kleed te herstel deur konsekwent twee van die waardes in ons Grondwet - respek en verantwoordelikheid - uit te leef en dit ook van ander te verwag nie?

Dan sal psigiatriese pasiënte nie sonder respek behandel word en sterf nie en sal Qedani Mahlangu, wat verantwoordelik was vir die dwase besluit, tot verantwoordering geroep word.

Dan sal rioolvuil nie meer in strate afloop nie, want munisipaliteite sal verantwoordelik gehou word en moet verduidelik waarom instandhouding nie gedoen word nie.

Dan sal leerlinge en onderwysers met respek teenoor mekaar optree en elkeen verantwoordelikheid neem vir hul werk. Dan sal ons nie meer die land met die hoogste verkragtingstatistieke wees nie, want vroue sal gerespekteer word en verkragters sal verantwoording moet doen.

As ons dit kan regkry om elke dag dié twee waardes uit te leef, sal ons land totaal getransformeer word. Of is selfs net respek en verantwoordelikheid as werkwoorde te moeilik?

■ **Dr. Jeanette de Klerk-Luttig is verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se kantoor vir morele leierskap.**

